

Dinsdag 6 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 3:15-29

Fokusgedeelte: Galasiërs 3:22

Die gelowige word verlos alleen op grond van die geloof in Jesus Christus

Paulus is hier steeds besig om die leerstuk oor die vryspraak deur die geloof te verdedig. Hy sê vir die Galasiërs dat God se genadeverbond met Abraham gesluit was ongeveer 430 jaar voordat die wet gegee is.

Daaruit kan ons aflei dat God se oorspronklike bedoeling met sy verbond met Abraham nie deur die gee van die wet verander het nie. Die diepste fondament van Abraham se verhouding met God was nie gebaseer op hoe goed hy die wet nagekom het nie, maar op die onverdiende goedheid van God (vs 18). Sy koms was immers die beste bewys van God se onverdiende goedheid. Ja, Abraham is nie gered omdat hy so goed en gehoorsaam was nie. Hy is gered omdat hy geglo het in God se goedheid en grootheid – God se goedheid en grootheid wat later in Christus vir ons 'n werklikheid geword het.

In vers 21-25 sê Paulus dat dit nooit God se bedoeling was dat die wet geestelike lewe in mense se harte tot stand moes bring nie. Daarvoor was die houvas wat die sonde op mense se lewens gehad het, te sterk. Al wat die wet moes doen, was om toesig oor die mens te hou totdat Jesus kom. Vir ons vandag is dit belangrik om te kyk wat hier oor die wet gesê word. Ons moet onthou dat Paulus besig is om te argumenteer met mense wat die wet as 'n verlossingsmiddel gesien het. Mense wat wou hê dat jy jou redding moet verdien! Daarom beklemtoon Paulus dan dat die wet 'n mens nie kan red nie. Al probeer jy hoe goed lewe! *Nee, geloof in Christus is die enigste pad waarlangs verlossing verkry word.* Ons mag egter nie hieruit aflei dat die wet nou niks vir ons te sê het nie. Op ander plekke praat Paulus weer positief oor die wet.

Die kernboodskap wat Paulus ons hier op die hart wil druk, is dat ons nooit mag dink dat ons ons verlossing kan verdien deur die wet of enige ander lys reëls stiptelik na te kom nie. Al wat deurslaggewend is, is of iemand in Christus glo of nie. Die wet het egter steeds 'n belangrike funksie te vervul, en dit is om die mens in die besef te hou dat hy nie die wet kan nakom nie. Die mens moet na 'n ander verlossingsweg soek, en daarom moet die wet die mens juis uiteindelik bring tot die geloof in Christus – Hy wat reeds die wet volkome in jou plek volbring het.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2

Ds. AB van der Walt (Braam) (Plett/Knysna)